## IN MEMORIAM

### PROF. F. J. COETZEE

### PROF. J. M. HATTINGH

### PROF. L. J. DU PLESSIS

Die einde van die jaar bring ook die weemoed van vervloë tyd en gemis aan bekendes en geliefdes. So kan hierdie laaste uitgawe van *Koers* nie verskyn sonder 'n eresaluut aan die werk van drie redaksielede wat intussen uit ons midde weggeneem is nie.

Hier gaan dit nie om 'n weergawe van die prestasies wat hulle in hulle lewens bereik het nie (dit is reeds elders meermale gedoen), maar alleenlik om 'n sobere en eenvoudige woord van waardering vir dienste aan hierdie blad gelewer.

*Prof. F. J. J. Coetzee,* wat teen die einde van verlede jaar skielik oorlede is, was vir baie jare 'n gewaardeerde redaksielid van *Koers.* Sy besadigde en oorwoë menings het 'n waardevolle bydrae gelewer; stilweg het sy kalmte en vertroue die geloofsmoed van die redaksie versterk, en hy sal nog lank in die herinnering bly van sy kollegas wat saam met hom hierdie vaandel van die Christelike wetenskap gedra het.

*Prof. J. M. Hattingh* is 'n veteraan van *Koers.* In die vroegste jare het hy verantwoordelikheid aanvaar op die redaksie. Sedertdien het hy sy belangstelling nie verloor nie, en was hy 'n steunpilaar tot aan die einde van sy lewe. Sy getroue ondersteuning het hy veral getoon in bywoning van jaarvergaderings en weloorwoë advies oor moeilike sake. Elkeen wat saam met hom in een of ander sfeer van die lewe geleef het is beïndruk deur die erns en diepte van sy lewensbeskouing.

*Prof. L. J. du Plessis* was 'n stigter en medewerker en vir baie jare redaksielid van *Koers.* Ek het ook die eer gehad om vir etlike jare redakteur te wees met prof. Du Plessis as onderredakteur. Hierin het ek ook reeds sy grootheid gesien: hy wat die senior en veteraan was, het nie geweier om in so 'n omstandigheid diens te lewer nie.

Nie alleen kon die redaksie staat maak op prof. Du

Plessis se kenmerkende skerpsinnige insig nie, maar as skrywer kan hy moeilik oortref word. As mens deur die vorige nommers van *Koers* blaai, kom sy naam herhaaldelik na vore, sy geskrewe woorde sal tot in lengte van dae hulle krag laat voel en 'n aanslag op die denke van die leser maak Die lede en redaksie van *Koers* ag dit 'n besondere voorreg om so 'n talentvolle persoon in hulle geledere te gehad het.

Aan die naasbestaandes van hierdie drie professore betoon die redaksie sy meelewing en deel met hulle 'n dankbare herinnering.

W. N. Coetzee, redakteur.